

Wuiwende graan op die bergtoppe

Hierdie Psalm is 'n egte Adventspsalm. Saam met die digter van die Psalm kan ek en jy vandag nog hierdie lied wat deur die Heilige Gees ingegees is, met ons hele hart sing.

"Hulle wat hierdie Psalm as 'n eenvoudige profesie van die regering van Christus wil beskou, verwing die woorde skynbaar al te veel. En voorts moet ons wel versigtig wees dat ons nie aan die Jode rede gee om te kla dat ons deur behendigheid met woorde en spitsvondigheid dinge op Christus toepas wat nie regmatig aan Hom behoort nie" (Calvyn).

As voorafskaduwings van Christus is hierdie Psalm tog al gedeeltelik en onvolkome in sekere konings uit die Dawidsgeslag vervul – maar in al sy volheid eers in Christus.

Die psalmdigter sing van die Messias se koninkryk waarin die swakkes en hulpeloses, die "stilverloor'ne en geringe", reg en geregtigheid sal vind. Hy sing van die omvattende vrede wat in hierdie koninkryk sal heers: "sjaloom" in sy rykste sin – onder mense, diere en op die veld. Hy sing in ons fokus vers van die vrugbaarheid en matelose seëninge. Tot op die hoogste bergtoppe waar gewoonlik geen gesaaides kan groei nie, sal die wuiwende graanlande in die wind wieg.

Verwag groot dinge van hierdie Koning, Jesus Christus! Moenie te klein van Hom dink nie! Saai maar die saad – ook die saad van die evangelie! In die mees ondenkbare plekke sal God dit laat opkom en laat bloei ...

Sing: Psalm 72:8 (1936)

Dr. PP Kruger (Meyerspark)